# Notule van die Jaarvergadering van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch gehou op Donderdag, 23 November 2017, in die Endler Saal

**1. Konstituering**

1.1 Die President, dr Jan Heunis SC, verklaar die vergadering as behoorlik gekonstitueer en kondig af dat tolkdienste (Afrikaans na Engels) beskikbaar is. Die vergadering begin om 19:45. Die volgende huisreëls geld vir die verloop van die vergadering:

1.1.1 Die Statuut van die US.

1.1.2 Die vergaderingprosedures (Raadsdokument).

1.1.3 US Taalbeleid (bepalings mbt amptelike vergaderings).

**2. Opening**

2.1 Die Konvokasie handhaaf 'n oomblik van stilte.

2.2 Daar word spesiaal gedink aan Konvokasielede wat sedert die laaste jaarvergadering van die Konvokasie oorlede is.

**3. Verwelkoming**

3.1 Die President heet alle aanwesiges – insluitend Konvokasielede, metgeselle van Konvokasielede, gaste en lede van die media – welkom.

3.2 Die President sluit die agenda. Geen versoeke is 72 uur voor die jaarvergadering ontvang (soos deur die Statuut bepaal) wat spesifieke punte vir bespreking of voorstelle vir opname in die agenda versoek nie.

**4. Notule van die vorige jaarvergadering**

4.1 Die notule van die vorige jaarvergadering word as gelese beskou.

4.2 Die notule word eenparig aanvaar.

**5. Gemeenskapsdienstoekenning: Francois van Niekerk**

5.1 Die Vise-President, adv Jacques du Preez, en addisionele lid, dr Sonja Loots, oorhandig die Konvokasie se Gemeenskapdiens-toekenning wat aan mnr Francois van Niekerk gemaak word, en 'n geskenk, aan sy dogter, me Carla van Rensburg.

**6. Verkiesing van Vise-President en addisionele lid**

6.1 Mnr Willie Liebenberg word verkies as Vise-President en me Daleen van Zyl as addisionele lid.

**7. Die Rektor se toespraak**

7.1 Die Rektor lewer 'n oorsig oor die afgelope jaar se hoogtepunte.

**8. Toespraak deur dr Willa Boezak**

**9. Die President van die Konvokasie doen verslag en reageer op mnr Chris Otto se vrae**

**10. Afsluiting**

10.1 Die President bedank die vergadering en die stembuskomitee vir hul bystand met die verkiesingsprosesse.

10.2 Die President verklaar die vergadering gesluit. Die vergadering verdaag.